# Die Olyftak



Olive Crescent Aftreoord Retirement Village

*Gesprekke en nuusberigte op ons eie tuisgrond*

h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475

***New Series* – Vol. 1 Nr. 1** **LENTE / *SPRING* 2025**

***From the Editorial team**: It is often said that change is the only constant. We are witnessing the truth of this adage – for instance, in our changing physical environment, with a new residential estate under construction right next to our village. Traffic in Leander Road – especially pedestrian movement – has already increased drastically, and when construction of the neighbouring complex is complete, this will probably gain momentum*. Ook wat die *Olyftak* betref, sal u sekere veranderinge opmerk (waarvan nie almal noodwendig gaan hou nie). Die toename in kommunikasiekanale – ons webwerf, *Facebook*-blad en *WhatsApp*-kennisgewings – het meegebring dat die *Olyftak* nie meer so 'n belangrike rol vervul as draer van dag-tot-dag nuusgebeure in die oord nie. Dit word voortaan eerder 'n vertoonvenster vir die aard en karakter van ons oord en sy inwoners. Die blad sal gevolglik voortaan kwartaalliks verskyn – een uitgawe per seisoen.




*We hereby extend an invitation to each and every reader, owner, or resident to submit contributions that will enhance our awareness of belonging to a family that is mutually supportive and caring*.

Ook wat die bestuur van ons oord betref, kom daar heelwat verandering. 'n Nuwe span trustees is tydens die pas afgelope Algemene Jaarvergadering verkies. Van die *Olyftak* se kant sê ons baie dankie aan die span wat gedurende die vorige termyn die eienaars en inwoners van ons oord met soveel onbaatsugtige toewyding gedien het, en baie sterkte aan die nuwe span wat by hulle oorneem.

**Voorsittersbrief**:

Ons nader die einde van nog 'n jaar van dienslewering deur die huidige Raad van Trustees en volgens alle aanduidings kan ons verskeie veranderings verwag wanneer die nuwe span verkies word. Die samewerking en sinergie van die huidige span was deurentyd merkwaardig en die bereidheid om skouer aan die wiel te lê was verblydend. Die oordbestuur word in alle opsigte oorgedra aan 'n nuwe span met baie positiewe. Die belangrikse hiervan is dat die geouditeerde state aandui dat ons finansies kerngesond is en dat die grondslag gelê is vir volhoubaarheid vorentoe – grootliks te danke aan die toewyding en kundigheid van ons vorige voorsitter, Arie Korf.

Verder is die oord oor die algemeen in 'n goeie fisiese toestand, alhoewel daar steeds baie areas is wat nog harde werk sal vereis in die res van die finansiële jaar. Die einde van die winter is in sig en ons sien uit na die nuwe lewe in die natuur wat helend op ons gemoed inwerk om ons opnuut energie te gee vir al die uitdagings wat wag. Dit bly 'n genadevoorreg om diensbaar te kan wees en ons is dankbaar vir elke inset van talle inwoners wat daartoe bydra dat ons almal veilig en lekker hier saam kan woon.

**Anton Joubert**

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die Olive Crescent-regspersoon (*OC Body Corporate*) wat op 28 Augustus plaasgevind het, is vier trustees onbestrede verkies vir die 2025/2026-termyn. (Daar was slegs vier aanvaarde nominasies.) ’n Konstitueringsvergadering is op 2 September gehou, waartydens die volgende portefeuljes aan die onderskeie trustees toegewys is:

Jan Schuurman – Voorsitter & Finansies

Jan Schuurman – Trustee: Sekuriteit

Louis Wolmarans – Trustee: Tegnies

Coert Grobbelaar – Trustee: Omgewingsake

Lorraine van Rooyen – Trustee: Dienstesentrum

Lorraine van Rooyen – Trustee: Inwonersake









Tydens die onlangse Algemene Jaarvergadering het die Lede die geouditeerde finansiële verslag goedgekeur. Kennis is geneem van die jaar se resultate, soos volg –

| | |
|---|---|
| Styging in Ledebelang (fondse) | R 201 101 |
| Verpligtinge het afgeneem met | R  48 724 |
| Kontantverbetering is dus | R 152 379 |
| | |
| Ekwivalente kontant op 30 April ’25 | R 1 811 816 |

Die Reserwefonds-saldo staan tans op   R 1 047 267

Die teiken is R 1 200 000 en dit kan gedurende die huidige begrotingsjaar bereik word; daarna kan verbetering van die Administratiewe fonds bewerkstellig word (tans R 362 782).

## OORDSTATISTIEK — VILLAGE STATISTICS

Eenhede te koop: 2 (#28, #79)     Eenhede verkoop: 3 (#65, #71, #81)

Eenhede te huur: 1 (#40)

Reef Caterers – etes voorsien:  1021     Lentehof – bedokkupasie:  7

## TEGNIES – SKT

Die finansiële jaar is nagenoeg een derde verby en ons het reeds heelwat van die beplande werk verrig. Die verfwerk is feitlik afgehandel, omdat ons in die droë maande daarop fokus. Die eet- en sitkamer se nuwe verflaag het die hele area opgehelder en dit lyk nou weer baie mooi. Verder kon ons ook verskeie pleister- en struktuurkrake herstel voordat die (hopelik) goeie reëns opdaag.

Die grootste deel van noodsaaklike werk in die kliniek is ook reeds afgehandel. Alles daar is nou funksioneel en in ’n goeie toestand. Daar duik egter maar altyd klein probleempies op wat aandag verg.

Ons is ook ingenome met die feit dat ons die probleme wat in die klagteboek aangeteken word, vinnig aanspreek en op datum hou. Benewens die beplande werk van die tienjaar-onderhoudplan bly hierdie take ’n prioriteit, sodat ongerief en frustrasie met klein jakkalsies vermy word.

Dankie ook aan al die inwoners wat ons altyd tegemoetkom met die tydsberekening en uitvoering van herstel- en instandhoudingswerk.

**Anton Joubert**

## DIENSTESENTRUM – SKD

**Sorgsentrum**:

By Lentehof gaan dit goed. Al hoe meer verbeteringe word aangebring om die lewe vir die inwonende pasiënte gemaklik te maak. Die sitkamer het mooi nuwe stoele gekry wat die sorgsentrum al hoe meer na ’n huis weg van die huis laat voel. Meer en meer van ons eie inwoners maak gebruik van die fasiliteite in die sorgsentrum. Die personeel is vriendelik en hulpvaardig. Daar is ’n klein aptekie wat hulp met medikasie kan verleen. Suster Maricel het ook aangebied om te help met voorskrifte wat bekom moet word. Daar is nuwe uniforms aan die kom vir die versorgers. Ons sien uit daarna om die volgende verbeteringe te sien.



Kliniekdae is nog op dieselfde tyd op dieselfde plek.

Ons hartlike dank aan Maricel en haar personeel, asook aan die verskillende terapeute wat ongesiens hulp verleen.

**Kombuis en eetsaal**:

Onder leiding van Clarisse het die spysenieringsdienswerkers hard gewerk hierdie jaar. ’n Aantal dames het een maal per maand vergader saam met Clarisse om die spyskaarte vir die maand te bespreek. Voorstelle van die dames vir etes wat meer by ons pas, is so aangepas. Die sorgsentrum se etes het ook bygekom. Ná vergaderings met Reef en Clarisse is die diabete se etes weer bestudeer deur ’n dieetkundige van Reef Caterers, om te sorg dat alle etes korrek voorberei word.



Die eetkamertafels is mooi gemaak danksy die Damesklub se fondse. Baie dankie vir hierdie ruim skenking. Die tafels lyk mooi en keurig.

Sondagetes bly gewild en lok baie inwoners om in die eetsaal te kom eet.

Inwoners bring nog steeds hul mandjies voortydig vir wegneemetes.

Hartlike dank aan Clarisse en haar span.

**Lorraine van Rooyen**





## INWONERSAKE – SKI

Hierdie portefeulje is twee jaar terug geskep, omdat daar gevoel is ons inwoners het nie die nodige ondersteuning asook optrede van belang nie.

Nou, met Lentehof wat uitstekende werk verrig en Maricel wat haar vinger op die pols het met al die inwoners asook hul kinders, het die portefeulje oorbodig en duplikerend geword.

Met ons vergadering saam met haar aan die begin van Augustus, het ek dit opnuut besef. Sy leef haar passie uit en ek is diep dankbaar. Ek verlaat die Trustees in die wete dat die inwoners in goeie hande is.

Hierdie is dus my laaste staan, my laaste groet. [liriek uit *Swakopmundlied*]

Daar was baie hoogtepunte, maar ongelukkig ook laagtepunte die afgelope twee jaar.

Ek het saam gehuil oor die verlies van ’n eggenoot, kind of kleinkind. Ek het saam gebid oor die geboorte van agterkleinkinders en hul welsyn. Ek het ’n wonderlike pad gestap met inwoners se kinders, wat my nou nog skakel om hulp te vra. Ek het vervoer gereël, gehelp trek, my laaste roos voor die winter, of ’n bossie kruie uit ons tuin, vir nuwe intrekkers gegee.

Die afsterwe van Rink en Calipie het my ge-“floor”, want mens het ’n pad gestap tot die einde met besoeke, oproepe, ensovoorts.



’n Groot hoogtepunt was die assessering van nuwe intrekkers en mens het al daar ’n mooi pad begin stap. Ons is eintlik omring deur mooi mense, wat positiwiteit uitstraal. Sedert die vorige uitgawe verskyn het, het ons Stuart Fee [vliënier van SAL] en Trudie Coetzer [romanskryfster] verwelkom – albei ’n groot aanwins vir ons oord.



Ek het ook geleer dat ons almal twee oë het, maar nie dieselfde visie nie. Ons moenie ons geluk in ander probeer vind nie, want dit maak jou eensaam. Soek geluk in jouself, dan sal jy gelukkig wees ook wanneer jy alleen gelaat word.

Geluk is ’n keuse ook vir nog ’n kans!

**Gezina Lombard**

## OMGEWINGSAKE – SKO

Die lente is byna hier en ons tuine gaan in die komende maande weer baie aandag verg.

Die volledige tuinwerkrooster, wat sedert begin 2024 in werking is, is in die eetkamer ter insae. Dit is destyds ook per e-pos aan alle inwoners beskikbaar gestel.

Probeer asseblief om gereed te wees om met die tuinwerker wat aan u eenheid toegewys is, oor u tuinwerkvoorkeure te kommunikeer wanneer hy by u aanmeld. Maak seker hy weet en verstaan wat u van hom verwag – en wees tog maar geduldig, asseblief.

Verder – moet asseblief nie die tuinwerker langer as die toegekende werktyd by u besig hou nie; sou u dit doen, maak u inbreuk op die regte van die volgende inwoner op die rooster.

*The weekly summer lawn mowing schedule resumes on 01 September.*

Kom ons werk almal saam en hou ons tuine in die mooi en netjiese toestand waarin hulle tans is.

**Roelf van Tonder**

## SEKURITEIT – SKS

Oor die afgelope twee jaar as Trustee: Sekuriteit het dit vir my nie net gegaan oor die veiligheidsaspekte van die kompleks nie, maar het ek ook elke inwoner leer ken.

Of ek nou noodknoppies getoets het of opnames gedoen het oor werknemers en hulle toegangswyse, was ek verkeie kere by elke huis aan deur. Dit was aangenaam om almal so te ontmoet as deel van die werk, wat andersins dalk nie moontlik sou wees nie.

Die grootste veranderinge in my tyd was seker om die toegangsbeheer by die hek op te skerp.

Ons het beweeg van ’n stelsel waar mense dikwels sommer net ingewaai is, na een waar inwoners nou self beheer wie by die hek inkom en met uitgangskodes uitgaan.

Ná ’n deeglike oudit van die vingerafdrukstelsel het ons die vingerafdrukke van omtrent honderd mense wat nie meer hier werk nie, uitgevee van die stelsel se databasis. (Sommige van hulle was van die begin van die vingerafdrukstelsel se dae af nog steeds daarop gelaai.)

Ons het ook ’n rekordstelsel opgebou van alle werkers wat gereeld toegang kry.

Ons het vroeër vanjaar kwotasies van verskeie sekuriteitsmaatskappye ingewin, voordat besluit is om Millennium se kontrak vir die volgende drie jaar te verleng.

Die monitering van ons hek per CCTV by die operasionele kamer is geformaliseer en ander swakplekke in ons veiligheidsopset is uitgeskakel.

Al die veranderinge was nie aldag maklik of gewild nie, maar ek groet Olive Crescent met die wete dat die veiligheid hier op ’n goeie grondslag is.

Ek en Melanie het die inwoners se vriendelikheid en verwelkomende gesindheid baie waardeer. Dankie ook aan my mede-trustees vir die lekker saamwerk en ondersteuning.

Sterkte aan die nuwe trustees en dankie vir elke inwoner se geduld, samewerking en vriendelikheid oor die paar jaar wat ek die trustee vir sekuriteit was. Mag dit met julle almal goed gaan. Mooi loop!

**Piet van Deventer**

## LESERSBYDRAES — *READERS’ CONTRIBUTIONS*

Tydens die onderhandelinge met Lentehof, aan die begin van hierdie jaar, is baie aandag gegee aan uitbreiding van bejaardesorgdienste, sodat ’n inwoner so lank as moontlik tuis en in sy/haar bekende omgewing kan aanbly, alvorens permanente versorging elders noodsaaklik word.

Terwyl tuisversorging in die verlede nie eintlik prominent was nie en die geriewe vir voltydse verswaktesorg ook nie aantreklik was nie, was daar bitter min oord-inwoners as permanente pasiënte in die sorgeenheid. Die gety het egter gedraai. Lentehof belê self in opgradering en vernuwing van die plek en het daardeur aan sodanige statutêre registrasievereistes voldoen, dat mediese fondse toenemend belangstel om te betaal vir behandeling van hulle lede hier. Onlangs nog was daar by geleentheid tot sewe oord-inwoners voltyds in die sorgeenheid. Dit is dus sinvol om in ’n oord te woon waar daar bejaardesorgdienste is vir mediese sorg tuis of in die sorgeenheid.

[ bydrae ontvang van Arie Korf ]





## *In memoriam*

Rink van Kleef (#43) is op 27 Julie oorlede.

Calipie Calitz (#74) is op 3 Augustus oorlede.

Ons harte gaan uit na San en Joyce, asook hul kinders, naasbestaandes en vriende.

## Hartlike gelukwense aan inwoners wat in September, Oktober en November verjaar –

**Dave Germishuizen – #42 (01/09)**
**Kitty Scholtz – #4 (12/09)**
**Sophia Pieterse – #13 (13/09)**
**Annette Grobler – #39 (14/09)**
**Charlotte Joubert – #28 (16/09)**
**Rynette du Plessis – #62 (19/09)**
**Maryna Meintjes – #49 (21/09)**
**Ina Riekert – #58 (21/09)**
**Joey Scholtz – #2 (24/09)**
**Chris Fourie – #37 (24/09)**
**Maureen Colmanet – #25 (26/09)**

**Muriel Eksteen – #29 (10/10)**
**Magdaleen Kriel – #19 (16/10)**
**Johan van der Vyver – #8 (18/10)**
**Trienie van der Merwe – #34 (18/10)**
**Piet van Deventer – #65 (19/10)**
**Melanie Britz – #65 (19/10)**
**Marja Kelbrick – #69 (20/10)**
**Jean J van Rensburg – #83 (22/10)**
**Coert Grobbelaar – #64 (25/10)**
**Pieter Jacobs – #36 (26/10)**
**Marie Kruger – #82 (27/10)**
**Piet van Wyngaard – #78 (28/10)**

**Kobie du Preez – #15 (03/11)**
**Isabel van der Vyver – #8 (04/11)**
**Sussie Steyn – #12 (07/11)**
**Dawn Webb – #23 (11/11)**
**Hanna van der Spuy – #76 (13/11)**
**Anielle van Staden – #48 (15/11)**
**Piet Delport – #41 (22/11)**
**Nellie Stanton – #1 (28/11)**
**Jan Steyn – #12 (30/11)**




## LESERSBYDRAES *READERS' CONTRIBUTIONS*







### *On a lighter note*

*Ever wondered …? – why the sun lightens our hair, but darkens our skin?*

*– why women can't put on mascara with their mouth closed?*

*– why "abbreviated" is such a long word? – why doctors call what they do "practice"?*

*– why lemon juice is made with artificial flavour, while dishwashing liquid is made with real lemons?*

*– why the man who invests all your money is called a "broker"?*

*– why there isn't mouse flavoured cat food?*

*– why they don't make the whole aeroplane from the material used for the indestructible back box?*

*– why Noah didn't swat those two mosquitoes? – why sheep don't shrink when it rains?*

*– why things called "apartments" are all stuck together?*

*– why they call the airport "the terminal" if flying is so safe?* [ ontvang van Lydia Venter ]



Met die verskyning van hierdie uitgawe van die *Olyftak* het ek as Voorsitter uitgetree – kans vir 'n nuwe seisoen met nuwe idees en raakpunte. Wanneer ek terugkyk oor die afgelope 5 jaar, kan ek opreg sê dit was vir my heerlik. Ek wou met elke vergadering 'n verskil probeer maak deur die dames te bemagtig. Het ons ook lekker saam gekuier! Die mens bly maar 'n sosiale wese, nè?

Die fondsinsamelings was lekker saamwerkgeleenthede waarby ons ook ons manne betrek het om te help.

Die ondersteuning van uitstappies was altyd 'n riem onder die hart, ten spyte van die wete dat nie al die dames meedoen nie. Dit bly elkeen se keuse.





Ek wou soveel dames as moontlik probeer betrek om te help brei aan musse en kan met sekerheid sê dat ook daarin baie gebede en vertroue was om die doelwit te bereik. Daarom 'n groot dankie aan Martie Kritzinger, Rina Range, Ann Delport, Dora Germishuizen en haar dogter Ronelle, Sophia Pieterse met haar Bybelstudiegroep van NG Tygerpoort asook kontak met Retreat in die Kaap.
Dankie, Tina Lombard, vir die aankoop van wol, al het jy nie self gebrei nie. Dankie vir elkeen wat ook wol voorsien het.
Saam kon ons 100 musse, 82 serpe en 22 pare handskoene aan die Echoprojek oorhandig.
Knap gedaan, dames!
Ek wens die nuwe Voorsitter net die beste toe en spreek die vertroue uit dat elke dame in Olive Crescent jou sal ondersteun. Ek sluit af met die volgende:

***THAT'S OKAY …***

*Life is like a train station. People come and go. Some stay for a few stops.*
*Some ride with you for miles. Some leave before you are ready to say goodbye.*
*But every person teaches you something, even if they are not meant to stay forever.*
*The key is knowing when to hold on, and when to let them catch their next train.*
*Because not everyone is on the same journey. And that's OKAY.*

Damesklubgroete **Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN ***DIARY & SOCIAL EVENTS***




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:20 en VRYDAE 09:20 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |





# LENTEHOF PRICE LIST

### Services at home:

| | |
|---|---|
| Rise and Shine package | R600 p.m |
| Golden hour package | R1200 p.m |
| Monday - Saturday rate | R55 p.h |
| Sunday rate | R83 p.h |
| Public Holiday | R110 p.h |

### Care Centre fee:

| | |
|---|---|
| Assisted living | R20000 p.m |
| Medium intensity Care | R24000 p.m |
| Frail care | R29000 p.m |
| Daily rate | R790 per day |

LENTEHOF

## Why Choose Us?

- Personalized Care Plans
- 24 hour care
- Short-term and recovery stay accomodation
- Home Based Care
- Packages to suit your budget and need

CALL NOW

Sr Maricel Potgieter
071 517 8149
maricel@lentehof.co.za